PUBLIEKE OPE DAG EN BELANGHEBBENDE VERGADERING, RAKENDE DIE VOORGESTELDE KUDU INTEGRASIE PROJEK, TE VANRYSDORP, OP 2 MAART 2006 TEEN 18:00



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | **BYWONING** | | | | |
| | P.J. Grobler (PG) | Afgetrokke | 072 154 2888 | 027-219 2821 | |
| | C.B. vd Merve (CM) | Koker Boom Kwekery | 082 811 5474 | 027-219 1062 | |
| | E.J. Cloete (EC) | Cape Nature | 082 455 5992 | 027-219 1480 | |
| | T.M. Mehtoor (TM) | Griekwa Ratelgat Ontwikelings Trust (GROT). | 076 743 8385 | 027-213 4339 | |
| | K.P. Rau (KR) | Belanghebbende Natuurkundige | -------------- | 027-213 2644 | |
| | J. de V Kritzinger (JK) | Cape Nature | 072 656 8848 | 027-219 1480 | |
| | C. Paulsen (CP) | Knersvlakte Biostreek & Matzikama Toerisme | -------------- | 027-219 1552 | |
| | A.R. Khan (AK) | T.V.D. | 082 930 4035 | 082 931 5073 | |
| | G. Nel (GN) | S.E.F. | 082 874 1910 | 021-418 2929 | |
| | V. Napier (VR) | S.E.F. | 078 278 2898 | 021-418 2929 | |

| | | |
|---|---|---|
| 2. | **VERWELKOMING**<br>G. Nel (GN) het almal by die vergadering verwelkom. | **TERUGVOER** |
| 3. | **INLEIDING TOT DIE VERGADERING**<br>GN het, deur middel van 'n PowerPoint voorlegging, die agtergrond inligting oor die voorgestelde Kudu Integrasie projek verduidelik. Daarna, het GN verduidelik waar SANParks (Namakwa Nationale Park) voorgestel die kraglyn geplaas moet word. Daar is na die 3 alternatiewe individueel gekyk. Die vergadering is toe kans gegee om insette te lewer rakende die voorgestelde posissies. | |
| 4. | **PUBLIKE TERUGVOER** | **REAKSIE** |
| 4.1 | C. Paulsen (CP) het gevrae hoekom die elektrisitiet spesifiek na Juno gestuur moet word as Eskom 'n | GN het verduidelik dat elektrisiteit nie net in die network gestort kan word nie. Die |

| | | |
|---|---|---|
| | nationale netwerk het. | opgewelte elektrisiteit moet na ‘n spesifieke bestemming gaan. |
| 4.2 | E. Cloete (EC) het voorlegging gelewer rakende die ligging van die Knersvlakte Natuur Reservaat en hoe Die Kaapse Natuurbewaring, in die langtermyn, voorsien dit sal uitbrei. Dit is aan die vergadering verduidelik dat die Juno substasie op die grens van die Knersvlakte Natuur Reservaat is. | |
| 4.3 | GN het vir EC gevrae wat die impak of die reservaat sal wees as Juno, byvoorbeeld, een hektar uitbrei. | EC het gesê dat dit geen impak op die Knersvlakte sal hê nie. |
| 4.4 | J. Kritzinger (JK) het voorgestel dat die kusroete alternatief, voorgestel deur SANParks, die beste opsie is. | P. Grobler (PG) het bygevoeg dat die elektrisiteit lyne se impak op die sand minder sal wees as wat dit op die Knersvlakte sal wees. Hy het ook gesê dat as die Knersvlakte versteur word, byvoorbeeld met die op en af ry van trokke, sal dit verewig so bly – ‘n mens kan nie die Knersvlakte rehabiliteer nie. Daar kan niks gedoen word nie. PG het ook ‘n studie in die Namib Voestyn verduidelik waar die spore nog steeds in the sand lê, en dat die Knersvlakte die selfde reaksie sal hê.<br><br>EC het saamgestem en gesê dat hy en die boere in die omgewing nie die projek sal |

| | | |
|---|---|---|
| | | afteken nie, as die kraaglyne deur die Knersvlakte gaan.<br>GN het saamgestem met die kuslike opsie en bygevoeg dat Annelise Le Roux, van SANParks, ook saamstem.<br><br>K. Rau (KR) het bygevoeg dat dele van die sand gebied kuslangs alreeds gemyn is en daarom sal die impak aansienlik minder wees. Hy het ook gesê dat konstruksie langs die Lutzville-Nuwerus of die Hondeklip pad die beste opsies sal wees. |
| 4.5 | CP het gewaarsku dat die Hardeveld van die Knersvlakte nie 'n opsie vir Eskom moet wees nie. Hy het almal herinder hoe moelik dit was toe water pyplyne in gesit is. Eskom moet versigtig wees met hulle roete vir hul kraglyne. Hy het ook die kus langse opsie verkies en die Boesmanlandse roete as alternatief B voorgestel. Die Boesmanland alternatief se impakte is steeds hoog. | JK het gesê dat die Springbok berge nie 'n opsie vir Eskom sal wees nie. |
| 4.6 | CP het bygevoeg dat die visuele impak van die elektrisitiet lyne in sand sal minder wees as in die Knersvlakte omdat die plante hoër is in die sand. | KR het ook bygevoeg dat, as moontlik, moet Eskom die lyne net voor of gedurende die reen seisoen bou omdat die plante vinniger sal groei en die omgewing vinniger sal herstel. |
| 4.7 | A. Kahn (AK) het verneem of Eskom | GN het geantwoord dat Eskom |

| | | |
|---|---|---|
| | uitkyk vir montlike geleentheide aan die gemeenskape in die omgewing van die voorgestelde roete vir die elektrisiteit lyne. | wel na diensvoorwaardes kyk en dat hulle 'n databasis van mense met spesifike vaardighede het aarop hy ook kan registreer. |
| 4.8 | AK het bygevoeg dat hy die grootste onkruiddoder maatskappy in Suid Afrika het en dat hy van tevore vir Eskom gewerk. | GN het vir AK gevra om sy bekwaamheide en maatskape vir hom te stuur en dat hy dit vir Eskom sal aangee. |
| 4.9 | CP het ook bygevoeg dat Eskom geld sal spaar as hulle hul lyne in die sand bou eerder as in die graniete. | PG het ook bygevoeg dat voël sterftes nie 'n probleem sal wees nie.<br><br>GN het gevra of die persoon wat die Avi Fauna Studie doen vir hom kan kontak. |
| 4.10<br><br><br>4.11 | KR het van die kuslike miss verwaar en dat die electrisitiet lyne nie te naby die kus is nie.<br><br><br>CP het ook begevoeg dat daar 'n belangrike toeriste roete langs die kus loop en dat die voorsitter van die Matzikama toeriste diens, Herbert Howe, geskakel moet word om dit te bespreek. | GN het geantwoord dat Eskom verkies om nie elektrisiteits lyne nader as 10km van die kus aft e bou nie.<br><br>JK het saamgestem en gesê dat daar 'n 4x4 toeriste roete langs die kus is en dat aandag gegee moet word van aan waar mense in die omgewing van die voorgestelde roete beweeg. |
| 4.12 | KR het gesê dat daar wel bestaande paaie in die middel van die sandveld is en dat Eskom en SEF ook daarna moet kyk waneer hulle die finale roete beplan. | |

| | | |
|---|---|---|
| 4.13 | CP wou weet waneer Eskom met konstruksie sal begin as in positiewe ROD gekry word. | GN het verduidelik dat SEF nog met die destek opname besig is end dat die EIA daarna sal volg. Na in diening van die EIA kan daar nog 'n paar maande gewag word. Na die ROD verkry is, is daar 30 dae vir appèl. |
| 4.14 | JK het bewaar dat konstruksie langs die paaie bly en nie in die duine nie. | |
| 4.15 | GN het vir die vergadering gevra om vir hom nog twee alternatiewe te gee. Die alternatiewe is toe op die kaarte aangedui. | |
| 4.16 | Almal het saamgestem dat hulle nie SANParks se eerste alternatief goedkeur nie as gevolg van die negatiewe impak op die Knersvlakte. | |
| 4.17 | JK het genoem dat daar wel 'n klein stukkie fynbos langs die kus is. JK het gesê dat die fynbos gebied (wat op die kaart aangeteken is) vermy mooet word. | GN het saamgestem. |
| 5. | **AFSLUITING** | |
| 5.1 | GN het die vergadering gevra of hulle almal saamstem met die voorgenome roete vir die kraglyne wat op die kaarte aangebui is. | Die hele vergadering het saamgestem dat die kusroete die beste alternatief is. |
| 5.2 | GN het gevra of daar enige verdere vrae is. Nadat daar 'n aanduiding gegee is dat daar geen verdere vrae was nie, is die vergadering verdaag. | |